SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

13 Junie 2016 No: 14 van 2016

1. TYDELIKE OPVOEDERS

Ons kantoor verneem graag van tydelike opvoeders wat (nog) nie omgeskakel is na permanent nie. Die SAOU Noord-Kaap wil 'n opname doen en soveel moontlik inligting bekom ten einde 'n moontlike dispuut te kan verklaar by RAVO.

Indien u dus nie omgeskakel is nie, kan u asseblief die volgende inligting vir ons e-pos, of faks teen op die laatste sluitingstyd Maandag, 20 Junie 2016:

1.1 Naam & Van
1.2 Persalnommer
1.3 Selfoonnommer
1.4 Die skool se naam waar u tans werksaam is
1.5 Leerareas waarvoor u verantwoordelik is
1.6 Ouderdom
1.7 'n Kort opsomming van u werksgeskiedenis by die NKOD – hoe lank is u al aaneenlopend tydelik, was u voorheen in diens van die NKOD.
1.8 Dui asb. aan of u reeds aansoek gedoen het vir omskakeling.
1.9 Dui asb. aan of die SBL u aansoek ondersteun en goedgekeur het.
1.10 Dui asb. ook aan of u voorheen afgetree het, of u voorheen bedank het, of u voorheen pakket geneem het en of u tans tydelik in iemand se plek aangestel is wat met langtermyn siekverlof is OF indien u vir 'n tydperk so 'n aanstelling gehad het.

Ons kantoor wil na elke geval individueel kyk en oordeel of daar meriete is vir 'n dispuut by RAVO. U sal verstaan dat dit 'n tydrowende ondersoek sal wees – daarom dat ons 'n sluitingsdatum hierbo gegee het vir die indien van u besonderhede.

U moet asseblief geen verwagting hê dat u wel permanent aangestel sal word na hierdie oefening nie. Ons sal elke saak individueel moet bekyk en die navraag dienooreenkomstig by die NKOD rig.

Indien u glad nie daarin belangstel om 'n dispuut te verklaar nie, moet u asseblief nie op hierdie e-pos reageer nie.

2. SALARISSTROKIES

Die SAOU het die kwessie van salarisstrokies wat dikwels ruim na die einde van 'n maand by 'n skool aankom, met die wergewer by RAVO opgeneem. Daar is weliswaar uitdagings om die strokies betyds by elke onderwyser te kry, maar ons glo steeds dis moontlik.

Daarom, ‘n **beroep op skoolhoofde** om ons kantoor in kennis te stel as die salarisstrokies as ‘n norm laat by die skool opdaag. Laat weer ons asseblief hoe lank u min of meer daarvoor moet wag.

Dis vir ons belangrik om hierdie inligting te kan versamel ten einde ‘n ingeligte en weldeurdagte saak tydens RAVO te stel. Skoolhoofde moet ons asseblief teen Maandag, 20 Junie 2016 van die inligting verskaf. By voorbaat baie dankie!

3. VAKATURELYS & AANVULLENDE VAKATURELYS

Teen hierdie tyd is u almal sekerlik al deeglik bewus van Vakatruelys 1 van 2016, sowel as die aanvullende vakaturelys wat op 9 Junie 2016 verskyn het. Die sluitingsdatum van laasgenoemde is 24 Junie 2014.

3.1 Ons is bewus van skole wie se poste verkeerdelik geadverteer is; ons is bewus van weglatings en ons is ook bewus van poste wat eensydigdeur die NKOD in die twee vakatruelyste geplaas is - sonder behoorlike (of enige) konsultasie met die skoolhoof, bestuurspan, of SBL. Die volgende is baie belangrik om te onthou:

3.1.1 Indien daar (steeds) foute is, moet die skoolhoof die SBL daarvan in kennis stel.

3.1.2 Aangesien die SBL die pos se bewoording (die advertensie) afgeteken het, bly dit die SBL se prerogatief om die advertensie te aanvaar, of om die veranderinge, of weglatings te bevraagteken.

3.1.3 Hierna is dit die SBL wat d.m.v. en m.b.v. beheerliggaamorganisasies die saak by die NKOD moet aanspreek – indien die SBL voel om dit te doen.

3.2 Tydens sifting, kortlysting en onderhoude, is elke lid geregtig op verteenwoordiging. Ek wil namens ons kantoorpersoneel asseblief vra dat u gebruik sal maak van die SAOU skoolverteenwoordiger van u eie skool. Indien die skoolverteenwoordiger nie beskikbaar is nie, kan u van ‘n ander SAOU-lid gebruik maak wat saam met u op die personeel is. Die kringorganiseerders van elk kring, of streek sal ook behulpsaam kan wees met die aanwys van sodanige verteenwoordiger.

Skoolhoofde moet asseblief vir ons kantoor laat weet wie is die verteenwoordiger (-s) wat by skool gaan optree. Dit sal dit vir ons baie makliker maak indien u nou reeds daardie reëlings met die skoolverteenwoordigers, of ander waarnemers kan tref.

Ons sal van ons kantoor se kant af alle moontlike doen om die **verteenwoordigers te bemagtig** vir hulle taak as waarnemers. Dis baie belangrik om daarop te let dat die verteenwoordiger slegs as ‘n ***WAARNEMER*** mag optree wat toesien dat die ***PROSES*** van sifting, kortlysting en onderhoude regverdig en korrek verloop.

3.3 Ek gee vir u die name van die Kringorganiseerders met wie u kan kontak maak vir hulp met verteenwoordiging – sou u nie iemand by u eie skool kan kry nie:

ONTHOU EGTER DAT HULE SAL HELP OM IEMAND TE KRY, MAAR DIT BETEKEN NIE NOODWENDIG HULLE SELF GAAN U VERTEENWOORDIG NIE.

3.3.1 Mnr. Johan Jonker (Kalahari Kring) – Hoërskool Kalahari
3.3.2 Mev. Lynette Stander (Upington Kring) – Laerskool Postmasburg
3.3.3 Mev. Iwena Nortjé (Sentraal Kring) – Hoërskool Douglas
3.3.4 Mnr. Gert Adams (Namakwa Kring) – Laerskool Garies
3.3.5 Mnr. Pieter le Roux (Karoo Kring) – Laerskool De Aar
3.3.6 Mnr. Kobus Smith (Kimberley Kring 1) – N.J. Heyns
3.3.7 Mnr. Christo van Wyk (Diamant Kring) – LS Staats
3.3.8 Mnr. Wynand Kritzinger (Vaalaharts) – LS Hartswater
3.3.9 Mnr. Leon Mostert (Hantam Kring) – LS Calvinia

4. EVALUERING VAN ONS DIENS

Ek wil graag al ons lede uitnooi om die aanlyn-evaluering te voltooi van die SAOU (NK) se diens aan u. Die evaluering strek nog tot in September 2016, maar ek sal dit hoog op prys stel as u dit sal voltooi. Dit neem werklik slegs ‘n paar minute. Ons wil ons diens verbeter en uitbrei en die evaluering is ‘n kragtige stuk gereedskap om ons in staat te stel om te verbeter in ons strewe na uitnemendheid.

5. INTENSIEWE AAN OPVOEDERS BY AFGELEë SKOLE

Die NKOD het hierdie intesiewe outomaties gestaak aan die einde van die vorige boekjaar en moet dit weer ingestel word. Tydens RAVO het die vakbonde aangevoer dat die NKOD ook hierdie intensiewe moet verhoog met dieselfde persentasie as wat die salarisaanpassing op 1 April 2016 was.

Die Werkgewer het uiteraard nie daarvoor begroot nie en kan – volgens hulle – nie nou die verhoging beskostig nie. Die vakbonde is verenig in ons standpunt dat die onderwysers die verhoging verdien en gaan ons nie daarvan afwyk nie. Sover dit van die ander vakbonde wat in RAVO verteenwoordig is betref, is die uitbetaling van die maandelikse intensiewe eers gestaak totdat ons met die NKOD kan ooreenkom.

Die SAO se standopunt hieroor is dat ons sal wil hê dat die intensiewe betaal moet word soos wat die geval was in 2015 en dat ons oor die verhoging kan onderhandel. Dit blyk egter dat die NKOD eers sal wil navorsing doen oor waar en hoe om die geld in die hande te kry, en dalk selfs ‘n ander voorstel aan ons wil maak.

Sodra daar hieroor noemenswaardige vordering gemaak is, sal ons weer aan u terugvoering gee.

Met die lekker wintervakansie wat voorlê – en die gepaardgaande ''huis vol kinders'', is dit dalk net die antwoord…

Henk Brand
Provinsiale Sekretaris

SAOU

Tel: 053-8322 727
Fax: 053-8322 460
www.saou.co.za

Kliek hier om ons te evalueer | Click here to evaluate us